



BELEIDSDOKUMENT VIGS-BELEID

SGB / SBL
Voorsitter / Chairman

Skoolhoof / Principal

Koördineerder / Co-ordinator

Datum / Date

LAERSKOOL GOODWOOD PARK PRIMARY
BEAUFORTSTRAAT, GOODWOOD 7460
Tel:021 -591 6119 / Fax: 201-592 4420 / info@goodwoodparkprimary.co.za /
www.goodwoodparkprimary.co.za

BELEIDSDOKUMENT: VIGS-BELEID

1. **INLEIDEND**
2. **ONGELUKKE EN BESERINGS OP DIE SKOOLTERREIN EN SPORTVELD**
3. **ALGEMENE BEGINSELS**
4. **NOODHULP: ALGEMENE VEREISTES**
5. **INHOUD VAN NOODHULPKISSIES**
6. **HANTERING VAN ONGELUKKE EN BESERINGS**
7. **HANTERING VAN MEER ERNSTIGE GEVALLE BV. VERKRAGTING,
MESSTEEK OF SPUITNAALDE**
8. **VOORKOMING VAN MIV-OORDRAG TYDENS KONTAKSPORT**
9. **SEKSUELE VERHOUDINGS TUSSEN LEERDERS**
10. **SEKSUELE VERHOUDINGS TUSSEN OPVOEDERS EN LEERDERS**
11. **TOELATING VAN PERSONE MET MIV TOT SKOLE**
12. **ONDERRIGPROGRAM**
13. **ROL VAN DIE OPVOEDERS IN DIE BEKAMPING VAN HIV/VIGS**
14. **STATUS- EN HANTERING VAN MIV/VIGSLYER IN SKOOL**
15. **TOETSING VIR MIV EN BEKENDMAKING VAN MIV-STATUS**
16. **ONDERSTEUNING VAN SIEK LEERDERS**
17. **ONDERSTEUNING VAN SIEK KOLLEGAS**

1. INLEIDEND

MIV/VIGS is 'n realiteit in vandag se samelewing en dit is ook Laerskool Goodwood Park se plig om ons t.o.v. hierdie pandemie te posisioneer. Dit is dan ook die doel van hierdie beleid om deur voorkoming en goeie onderrig van inligting, prakties 'n verskil te probeer maak in ons jeug se toekoms.

2. ONGELUKKE EN BESERINGS OP DIE SKOOLTERREIN EN SPORTVELD

Ons moet in ag neem dat daar 'n moontlike risiko van MIV-oordrag deur kontak met geïnfekteerde bloed kan wees. Hierdie risiko is egter gering indien goeie basiese noodhulp toegepas word. Goeie beheer en die toepassing van algemene voorsorgmaatreëls is van kardinale belang.

3. ALGEMENE BEGINSELS

- 3.1 Algemene voorsorgmaatreëls is op elke persoon en elke liggaamsvloeistof van toepassing.
- 3.2 Algemene voorsorgmaatreëls is noodsaaklik omdat dit onmoontlik is om binne 'n skoolopset te weet wie almal MIV onder lede het.
- 3.3 As gevolg van die lang tydperk tussen MIV-infeksie en die aanvang van die siekte, sal die meeste mense met MIV in 'n skool nie weet dat hulle geïnfekteer is nie.
- 3.4 As gevolg van die "venstertydperk" waartydens die tekens van infeksie nie in 'n toets wys nie, beteken selfs 'n negatiewe MIV-toetsuitslag nie dat 'n persoon nie MIV het nie.
- 3.5 MIV is nie die enigste gevaar nie. Daar is ook ander potensieel dodelike siektes wat baie algemeen in Suid-Afrika is, veral Hepatitis B, wat vanaf geïnfekteerde liggaamsvloeistowwe opgedoen kan word.
- 3.6 As ons dieselfde voorsorgmaatreëls toepas op elke situasie waar daar bloed is, sal ons veilig wees teen MIV en ander siektes wat in die bloed gedra word.

4. NOODHULP: ALGEMENE VEREISTES

- 4.1 Die skool moet oor 'n goedopgeleide noodhulpspan beskik. Hierdie noodhulpspan moet 'n skakelopvoeder en ander opgeleide opvoeders insluit. Ouers se dienste kan ook goed gebruik word.
- 4.2 Genoegsame noodhulptoerusting moet op prominente plekke beskikbaar wees. (sien no.5)
- 4.3 'n Bottel huishoudelike bleikmiddel moet te alle tye bereikbaar wees.
- 4.4 'n Voorraad plastiese inkopsiesakke sonder enige gaatjies moet beskikbaar wees.
- 4.5 'n Houer waarmee water uitgiet kan word moet ook binne bereik wees.

5. INHOUD VAN NOODHULPKISSIES

- 5.1 Twee paar latekshandskoene
- 5.2 Materiaal om wonde, snye of skaafplekke mee te dek (bv. verbandlinne of gaas), waterdigte pleisters, omtsmettingsmiddel, skêr, watte, kleefband om dekverbande mee vas te plak, sneesdoekies.

6. HANTERING VAN ONGELUKKE EN BESERINGS

- 6.1 ***Niemand mag enige direkte kontak met die bloed of liggaamsvloeistowwe van 'n ander persoon hê nie.***

- * Gebruik dus die handskoene soos genoem tydens die verpleging van 'n persoon wat as gevolg van 'n besering bloei of 'n neusbloeding het.
- * Enige persoon wat bloed van 'n oppervlakte opvee of bloedbevlekte lappe uitwas, moet ook handskoene dra.

- * Dieselfde voorsorgmaatreëls moet getref word met ander liggaamsvloeistowwe, insluitende braaksel, ontlasting, etter en urine.
- * Indien daar geen handskoene beskikbaar is nie, kan plastiese inkopiesakke oor die hande getrek word, met die voorwaarde dat die sakke nie gaatjies in het nie en daar gesorg word dat geen bloed of waswater aan die binnekant beland nie.
- * Alle leerders moet geleer word om nie aan bloed en wonde te raak nie, maar om die hulp van 'n personeellid te vra as daar 'n besering of neusbloeding is.

6.2 **Stop die bloeding so gou moontlik**

- * Indien 'n kollega of leerder bloei, moet die eerste reaksie wees om die bloeding te stop deur met die naaste beskikbare lap of handdoek direkte drukking op die area toe te pas.
- * Tensy die beseerde persoon bewusteloos of baie ernstig beseer is, moet hulle gehelp word om bogenoemde self te doen.
- * Indien iemand 'n neusbloeding het, moet hy of sy gewys word hoe om self drukking op die brug van die neus te plaas.

6.3 **Skoonmaak van wonde**

- * Sodra die bloeding gestop is, moet beseerde mense gehelp word om hulle skaafplekke of wonde te was in skoon water met ontsmettingsmiddel, indien dit beskikbaar is. Indien nie, gebruik huishoudelike bleikmiddel wat in water verdun is (1 deel bleikmiddel, 9 dele water)
- * Wonde moet dan met 'n waterdigte dekverband of pleister bedek word.
- * Leerders en opvoeders moet leer om alle wonde, sere, skaafplekke of stukkende plekke (waar die vel stukkend is) te alle tye bedek te hou.

6.4 **Die hantering van toevallige blootstelling aan die bloed van 'n ander persoon, of blootstelling gedurende besering.**

- * Vel wat aan bloed blootgestel raak, moet dadelik met lopende water skoongemaak word.
- * As 'n ontsmettingsmiddel beskikbaar is, moet die area daarmee skoongemaak word. Indien nie, moet huishoudelike bleikmiddel gebruik word soos in 6.3 beskryf is.
- Indien bloed op die gesig, veral oë of die slymvliese van die neus en mond gespat het, moet dit vir ten minste drie minute met lopende water gespoel word.

6.5 **Skoonmaak van gekontameneerde oppervlaktes en materiale**

- * Gekontameneerde oppervlaktes of vloere moet met bleikmiddel en water skoongemaak word.
- * Verbanne en lappe wat bebloed raak, moet in 'n plastiese sak verseël word en dadelik ver-wyder word.
- * Enige gekontameneerde instrumente of toerusting moet gewas, vir 'n uur in bleikmiddel geweek en drooggemaak word.
- * Daar moet verseker word dat badkamers en toilette skoon, higiënies en vry van bloedspatsels is.

6.6 **Wegdoen van sanitêre doekies en tampons**

- * In elke damestoilet en die toilette wat deur ons senior meisies gebruik word, moet 'n houer geplaas word vir die wegdoen van sanitêre doekies en tampons. Alle vroulike personeel en leerders moet hierdie reëlings ken sodat niemand anders kontak met hierdie items het nie.
- * Hierdie houters word op 'n gereelde basis deur die maatskappy wat deur die skool aangewys word, gediens.

7. HANTERING VAN MEER ERNSTIGE GEVALLE BV. VERKRAGTING, MESSTEEK OF SPUITNAALDE

- 7.1 Die risiko van MIV-oordrag is baie hoër in gevalle van verkragting, of waar iemand met 'n naald of mes gesteek word, veral as meer as een persoon betrokke is.
- 7.2 'n Persoon wat verkrag is, moet onmiddellik ondersteun en versorg word. Sy/hy moet gevra word om nie te was, te bad of van klere te verwissel nie (bewyse van die verkragting is nodig vir die mediese- en polisie-ondersoek). So 'n persoon moet onmiddellik vir ondersoek na 'n distriksgeneesheer of mediese fakulteit geneem word. 'n Verklaring moet ook so gou doenlik aan die polisie gemaak word. Reëlins vir berading moet voorts getref word.
- 7.3 As 'n messtekery plaasvind of stukkende vel aan MIV-geïnfekteerde bloed blootgestel word, moet noodhulp dadelik toegepas word. 'n Klag van aanranding sal noodwendig ondersoek moet word.
- 7.4 In al hierdie situasies moet die persone na 'n geskikte mediese fasiliteit geneem word vir berading oor die gevaar dat hulle MIV kon opdoen. Ouers of voogde in die geval van minder-jariges, moet dringend geskakel word.
- 7.5 Vir 'n persoon wat nie MIV het nie, is daar in die privaatsektor behandeling beskikbaar met geneesmiddels vir die vermindering van die gevaar dat infeksie opgedoen sal word indien hy of sy verkrag of met 'n mes gesteek word.

8. VOORKOMING VAN MIV-OORDRAG TYDENS KONTAKSPORT

Die enigste moontlike risiko van MIV-oordrag tydens sport, is by kontak sport waar beserings kan voorkom. Selfs hier is die risiko baie klein indien die volgende reëls toegepas word:

- 8.1 Noodhulpkissies met rubberhandskoene moet tydens elke sportsessie of wedstryd beskikbaar wees.
- 8.2 Niemand mag met onbedekte wonde aan sport deelneem nie.
- 8.3 Indien 'n skaafplek of besering tydens die spel opgedoen word, moet die beseerde speler van die veld of baan gestuur word, noodhulp ontvang en eers wanneer die besering skoon en bedek is, toegelaat word om spel te hervat.
- 8.4 Bloedbevlekte klere moet verwissel word.
- 8.5 Opvoeders en leerders met MIV word aangeraai om eers 'n dokter te raadpleeg oor enige moontlike risiko's vir hul gesondheid en oor MIV-oordrag tydens sportdeelname.

9. SEKSUELE VERHOUDINGS TUSSEN LEERDERS

- 9.1 Wanneer 'n opvoeder vermoed dat van die leerders seksueel aktief is, moet dit onder die skoolhoof se aandag gebring word, wat dan die saak sal ondersoek.
- 9.2 Die daaropvolgende optrede sal ook berading insluit sodat leerders alle gevolge van hul seksuele verhoudingslewe sal verstaan.

10. SEKSUELE VERHOUDINGS TUSSEN OPVOEDERS EN LEERDERS

- 10.1 Opvoeders mag nie seksuele verhoudings met leerders hê nie. Die optrede is 'n oortreding van die gedragskode vir opvoeders, wat in 'n vertrouensposisie is. Dit is teen die wet al willig 'n leerder in.
- 10.2 Streng disiplinêre stappe sal gedoen word teen enige opvoeder wat by so 'n verhouding met 'n leerder betrokke raak.
- 10.3 Indien iemand bewus is van 'n kollega wat 'n seksuele verhouding met 'n leerder het, is so 'n persoon wetlik verplig om die saak by die skoolhoof of 'n persoon in 'n hoër onderwysgesag aan te meld. Versuim om dit te doen, maak die persoon medepligtig.

11. TOELATING VAN PERSONE MET MIV TOT SKOLE

- 11.1 Geen persoon mag op grond van 'n positiewe MIV-status toegang tot die skool geweier word nie.
- 11.2 Indien 'n persoon met MIV onbeheerbaar begin bloei of onbehandelbare wonde het, kan dit egter nodig wees om hom of haar tydelik die skool te belet totdat daardie probleme onder beheer gebring is.
- 11.3 Indien 'n persoon fisiek of seksueel aggressiewe gedrag toon, sal dit nodig wees om toepaslike stappe te doen in ooreenstemming met mediese advies, die toepassing van die gedragskode vir leerders, respek vir die regte van al die betrokkenes, en die wet.

12. ONDERRIGPROGRAM

Die Lewensvaardighede, MIV/VIGS-program wat deur die WKOD voorgeskryf word, vorm die hoeksteen van onderrig in hierdie aspekte en moet deur alle opvoeders onderrig word. Elke opvoeder is verantwoordelik vir die implementering van die program. Dit resorteer onder Lewensoriëntering.

- 12.1 Die leerprogram berus op 'n onderrig benadering en maak voorsiening vir seksualiteitsopvoeding, bewusmaking en hantering van MIV/VIGS en die vestiging van waardes en norme.
- 12.2 Die leseenheid maak voorsiening vir kennis, vaardighede en positiewe waardes en houdings.
- 12.3 Die relevante graad beskik oor hul eie temas en leerprogramme volgens die kurrikulum.
- 12.4 Die opvoeders maak ook gebruik van die aanvullende werkvelle wat by die program ingesluit is. Indien die werkvelle nie geskik is nie, moet die opvoeders hulle eie ontwerp. Opvoeders kan ook met die goedkeuring van die skoolhoof, gebruik maak van kundige persone in die gemeenskap om sekere onderwerpe te hanteer.

13. ROL VAN DIE OPVOEDERS IN DIE BEKAMPING VAN HIV/VIGS

- 13.1 Opvoeders behoort 'n rolmodel van verantwoordelike seksuele gedrag te wees.
- 13.2 Omdat opvoeders ingelig is, kan hulle die feite oor MIV/VIGS verstaan en help om die korrekte inligting oor die siekte en sy gevolge bekend te maak.
- 13.3 Feitlik elke jong persoon gaan na een of ander skool toe. Dus het opvoeders 'n verpligting
Om die siekte te bespreek waar toepaslik volgens die kurrikulum, en die jeug te help om hulself te beskerm sodat hulle nie geïnfekteer raak, siek word of sterf nie.
- 13.4 Opvoeders kom dikwels met ouers en mense in die gemeenskap in aanraking en kan dus die Boodskap oor MIV/VIGS in die gemeenskap uitdra.
- 13.5 Opvoeders kan help om 'n omgewing in die werkplek te skep waar mense openlik oor hul MIV/VIGS-status kan wees sonder om vir veroordeling of diskriminasie bang te wees.
- 13.6 Opvoeders kan kreatiewe maniere vind om hul siek kollegas en leerders by te staan en ook so die skool 'n sentrum van hoop en versorging in die gemeenskap maak.

14. STATUS- EN HANTERING VAN MIV/VIGSLYER IN SKOOL

- 14.1 Opvoeders en leerders aan hierdie skool met MIV, moet die kans gegun word om so 'n vol moontlike lewe te leef en onderwys te ontvang of as opvoeders te werk vir solank as
wat hulle daartoe in staat is.
- 14.2 Aangesien hulle MIV-infeksie nie 'n gevaar vir ander in die skool inhou, solank as wat die Nodige voorsorgmaatreëls gevolg word nie, is daar geen rede om nie aan

- geïnfekteerde opvoeders en leerders dieselfde regte as ander te gun nie.
- 14.3 Enige spesiale maatreëls wat ten opsigte van 'n leerder of opvoeder met MIV getref word, moet regverdig en verantwoordbaar wees in die lig van die mediese feite, die toestande by die skool en in die beste belang van die persoon met MIV asook van ander.
 - 14.4 Opvoeders moet 'n wakende oog oor die moontlikheid van diskriminasie in skole hou, en moet vinnig optree om enige situasies wat ontstaan, te ontloot en die skuldiges op doeltreffende wyse te hanteer.
 - 14.5 Vooroordeel floreer op vrees en onkunde. Die doeltreffendste manier om sulke bedreigings te verminder, is om die inligting met leerders te deel sodat hulle die mediese feite oor MIV en hoe dit oorgedra word, verstaan en te weet hoe om hulself te beskerm.
 - 14.6 Enige persoon wat weier om saam met 'n persoon wat MIV/VIGS het te studeer, of weiering om so 'n persoon te onderrig of deur hom of haar onderrig te word, moet berading ontvang.
 - 14.7 Die situasie moet opgelos word deur die skoolhoof, opvoeders en, indien nodig, die beheerliggaam van die skool in ooreenstemming met die Beleid oor MIV/VIGS van die Departement van Onderwys.
 - 14.8 Baie leerders kan familieledede verloor of selfs wees gelaat word en sal emosionele hulp en leiding van opvoeders moet ontvang.
 - 14.9 Die beheerliggaam sal in hierdie geval met simpatie moet kyk na diesulkes wat nie hul onderriggelde kan betaal nie.
 - 14.10 Opvoeders moet daarvan bewus wees dat leerders wat as gevolg van VIGS wees gelaat is, vooroordeel kan ervaar en verwaarloos kan word deur mense wat veronderstel is om na hulle om te sien. Sulke gevalle moet dadelik gerapporteer word.

15. TOETSING VIR MIV EN BEKENDMAKING VAN MIV-STATUS

- 15.1 Die reg laat nie toe dat leerders of opvoeders (of enige werknemer) gedwing word om MIV-toetse te ondergaan nie.
- 15.2 Werklike vrywillige bekendmaking van 'n leerder of opvoeder se MIV-status moet verwelkom word. Dit bly die besluit van die individu.
- 15.3 Opvoeders aan wie sulke inligting verskaf word, moet bereid wees om dit as vertroulik te hanteer en moet toesien dat geen onregverdig diskriminasie daaruit voortspruit nie.
- 15.4 Inligting oor 'n leerder se MIV-status mag deur die opvoeder aan 'n ander persoon bekend gemaak word slegs met die skriftelike toestemming van die leerder (indien ouer as 14 jaar) of sy/haar ouers.

16. ONDERSTEUNING VAN SIEK LEERDERS

- 16.1 Daar word van leerders verwag om, in ooreenstemming met wetlike vereistes, klasse by te woon vir solank as wat hulle doeltreffend kan funksioneer en hulle geen mediese beduidende gevaar vir ander persone in die skool inhou nie.
- 16.2 Leerders en opvoeders wat siek voel, kan vir kort tydperke gedurende die dag in die sieke-kamer gaan lê. Dit sal leerders wat siek is, in staat stel om langer in die skool aan te bly.
- 16.3 Indien en wanneer hulle siek word of 'n medies beduidende gevaar vir ander persone inhou, moet hulle toegelaat word om tuis te studeer en akademiese werk moet hiervoor beskikbaar gestel word. Waar moontlik, moet ouers toegelaat word om leerders tuis te onderrig.
- 16.4 Sommige leerders met MIV/VIGS kan gedragsprobleme ontwikkel of neurologiese skade opdoen. Sulke leerders moet ge-evalueer word en, waar dit moontlik en toepaslik is, in gespesialiseerde residensiële inrigtings vir leerders met spesiale onderwysbehoefte geplaas word.

- 16.5 Sommige buitemuurse aktiwiteite kan vir leerders met MIV baie spanningsvol wees. Opvoeders moet sensitief hiervoor wees en, as dit nodig is, leerders van deelname verskoon.
- 16.6 Medisynes moet dikwels op gesette tye geneem word om behoorlik doeltreffend te wees. Opvoeders moet hiervan bewus wees en leerders met MIV toelaat om die klas te verlaat om medikasie te neem wanneer dit nodig is. Diskresie is noodsaaklik.
- 16.7 Ons moet leerders met MIV help om 'n ondersteuningsgroep te vorm of om deel te word van een in die gemeenskap.

17. ONDERSTEUNING VAN SIEK KOLLEGAS

- 17.1 Opvoeders en ander personeel wat VIGS-verwante siektes ontwikkel, het die begrip van hulle kollegas nodig.
- 17.2 Hulle sal al hoe meer dae by die werk moet afneem en sal gedurende die dag uitgeput raak en vir kort tydperke moet gaan lê.
- 17.3 Gedurende hierdie tye sal ander personeellede vir hulle moet instaan. Die beheerliggaam sal hiervan moet kennis neem en oorbelaste kollegas moet ondersteun en finansieël begroot vir toesig van buite.